Geliefde Lourensrivierder

Ek hoop die Pinkstertyd was goed vir jou siel. Onthou vanaand is die laaste Pinksterdiens @ 19h00. Sondag is afsluiting met Pinksterfees.

Daar sal nog steeds heerlike sop en broodjies wees om aan te smul vanaand. Ons by Dinamiet Kiedz kan verseker vir jou sê dat ons siele weer lewe gekry het saam met al die kinderlaggies, jille, gille, vreugdedanse en Jesus se boodskap van liefde en belofte dat Hy ons deel wil maak van Sy huisgesin en Koninkryk sodat ons Sy liefde kan uitdeel♫♫
My vriendin, Chaniti Magson het besluit om vir ons 'n leuse te maak vir Pinkster en ons het sommer besluit om dit Dinamiet Kiedz se permanente leuse te maak. Ek deel dit graag met jou en hoop dat jy dit ook kan gebruik♫♫
LEWE LEKKER ❤ LAG BAIE ❤ DEEL LIEFDE ❤
Baie dankie Chan!

Ouers help onthou asb vanaand die kindertjies om soos Mamma, Pappa of 'n baba aan te trek. Daar is lekker pryse om te wen♫♫

NUUSKRUMMELS: 17 MEI 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

ONS WOEKER BY DIE KERKKANTOOR
Heerlike varsgebakte koekies @ R20 per pakkie
Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt @ R20 per potjie (nog net 15 oor)
Anna se organiese Hanepoot Druiwestroop @ R15 per botteljie (nog net 7 oor)
Lappiesboontjies @ R45 p/kg (nog net 5 oor)
Boekie: Lig op 'n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)

Droë Vrugte:
Kakamas Perskes (taaipit) @ R60 p/kg
Sederberg Perskes (lospit) @ R60 p/kg
Pere @ R60 p/kg
Pruime @ R60 p/kg
Snippers (200 gr) @ R20 per pakkie (deurmekaar vrugte)

ALLES is ten bate van die Voedselfeesfonds: Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedselfeesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of 'n maand voor die Voedselfees plaasvind nie.

VIR FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

BESIGHEIDSNETWERK:

Ons heet vir Dr Wimpie Basson welkom as deel van ons Besigheidsnetwerk op ons webtuiste♫ Ondersteun hom asseblief. Hy is al 'n ou staatmaker in die Helderbergkom.
Hiermee nooi ons ook weer Gemeentelede uit wat besighede het om die kerkkantoor te kontak sodat ons die inligting op die besigheidsnetwerk op ons Webtuiste kan plaas. Vir meer inligting, klik op hierdie skakel: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/besigheidsnetwerk.

Jy kan ook jou besigheid op Graham Powers se Unashamedly Ethical webwerf gaan registreer waar mense, wat in alle omstandighede eties wil optree in hul besighede, 'n besigheidsnetwerk geskep het: http://unashamedlyethical.com/

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

NG Kerk in SA

ADMINISTRATIEWE KOÖRDINEERDER

(Stellenbosch)

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes-Kaapland) beskik tans oor hierdie vakature by Jeug- en Familiebediening as deel van die Diensgroep: Gemeentebegeleiding by Communitas.

Die aangewese kandidaat sal verantwoordelik wees vir sekretariële ondersteuning, administratiewe pligte asook webwerwe en sosiale media koördinering. Dit sluit in:

- Algemene ondersteuning aan predikant(e) binne diensgroep in die uitvoering van diverse daaglikse verpligtinge
- Die reël van verskeie vergaderings, werkswinkels sowel as betrokkenheid by #Imagine administrasie
- Dagboek- sowel as algemene kantoorbestuur
- Kommunikasie met gemeentes/leraars/fasiliteerders
- Webwerf-instandhouding en sosiale media koördinering
- Algemene navrae

Omvattende ervaring in sekretariële werk, 'n natuurlike administratiewe aanleg, uitstekende organisasievermoë, goeie taal- en kommunikasievaardighede, 'n goeie tikvermoë en die vermoë om selfstandig te werk, is voorvereistes vir die pos. Aansoekers moet voorts rekenaarbedrewe wees ten opsigte van woordverwerkingsprogramme en sigblaaie. 'n Basiese rekenkundige vaardigheid en natuurlike IT-aanvoeling sal die aansoek versterk. Bewese ervaring van sosiale media dien as verdere aanbeveling.

Vergoeding is onderhandelbaar in ooreenstemming met kwalifikasies en verantwoordelikhede.

Rig 'n volledige CV voor 5 Junie 2018 aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (NG Kerk in SA)
Privaat sak X8
Bellville
7535

óf

E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes-Kaapland) beskik tans oor 'n vakature as **administratiewe koördineerder** by die Diensgroep Jeug- en Familiebediening as deel van die Diensgroep: Gemeentebegeleiding by Communitas.

GEMEENSKAPSNUUS UIT DIE OMGEWING:

BADISA STRAND vra vir BOEKESKENKINGS (en tydskrifte) asb. vir ‘n Boeketafel verkope wat met die oog op fondswerwing beplan word.
U kan Boeke-skenkings by die Kerk-kantoor afgee of BADISA-STRAND direk kontak wat dit sal kom afhaal. @ 0827125722 of 0832921585

BADISA . Ons KERK (NGK & VGK) se helpende hand.
BADISA se naam is ‘n woord wat uit drie ander woorde saamgestel is:
BA: eerste twee letters van BARMHARTIGHEID;
DI: Diakonaat/Diaconia/Diens
SA: Saam

Bid asb vir BADISA STRAND se werksaamhede in die Helderberg kom.
Hartlike en opregte dank, Prof Jan Pretorius (0833913772) Serenitas Aftree-Oord #46, Strand



RoepTV.com, Suid-Afrika se eerste Christen-leefstyl digitale televisiekanaal in Afrikaans, maak op 1 September 2018 sy buiging! Met ‘Die Waarheid’ as leuse, beloof dié nuwe opwindende kanaal om bekostigbare programme met vermaak en inligting te verskaf wat familievriendelik en op Christen-waardes geskoei is. Dit sluit in vars, nuwe plaaslik vervaardigde programme, kindervermaak, asook internasionale rolprente. RoepTV.com gaan toeganklik wees vanaf enige televisiestel of slimtoestel in jou hand, skoot, ore of op die naat van jou rug. Met bekende rolspelers soos Retief Burger, Lindie Strydom, Michael Mol, Nico Pinagio, Gretha Wiid, Regardt van den Berg en Frank Rautenbach beloof hierdie digitale TV-kanaal ‘n diverse programskedule met eenhonderd persent Christelike deursigtigheid en opregtheid as grondslag. Die eksklusiewe inhoud van RoepTV.com kan op aanvraag enige tyd wanneer jy wil, waar jy wil en vir so lank as wat jy wil gekyk word! Kykers kan onder meer uitsien na ‘n sitkom, televisiereeks, speletjiesprogram, aktuele programme asook ‘n verskeidenheid internasionale films!
SKAKEL: https://roeptv.com/
BRON: http://www.joydigitalmag.com/afrikaanse-nuus/roeptv-eerste-afrikaanse-digitale-tv-kanaal-sien-binnekort-die-lig/

We are 5 months away from CANSA Relay For Life Helderberg October Relay.
The committee is in full swing organising everything.
If you have not entered your team yet please remember to do so. Without teams we cannot Relay so please do not delay enter your team now.
Payment can be made later all you need to do is send me a mail indicating you will be taking part in the October Relay so it give us an idea on how many teams will be entering. Registration forms are available at Lourensrivier Church Office. Do not delay, enter today. If you have any questions please let me know and I will gladly respond.

Lucille Kruger, CANSA Relay For Life Helderberg: Team Chairperson (0729286135)

KNIEWERK

- Bid vir suksesvolle en geesvervulde Pinksterdienste en dat almal die dienste sal bywoon
- Ons innige meegevoel met Willem de Jongh en familie met die heengaan van sy broer
- Helene Fourie se broer vir gesondheid
- Nella Meyer vir spoedige herstel na operasie
- Sannie le Roux herstel na hospitalisasie
- Nico Basson herstel na knie-operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 20 MEI SE BOODSKAP: JOH 15:26-16:15 (PINKSTERFEES)

Dit is Sondag altesaam vyftig dae na die opstanding van Christus en tien dae na sy hemelvaart. Jesus het geweet dat sy dissipels eers sou moes terugkyk op gebeure voordat hulle dit werklik sou kon verstaan en dat hulle dit alleen onder die leiding van die Heilige Gees sou kon doen. Jesus het al vooruit vir sy dissipels gesê*: "en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh 14:26 NAV). Dit is dan ook eers nadat die Heilige Gees oor hulle gekom het dat die apostels met krag die evangelie kon verkondig. In Handelinge 3 en 4 sien ons hoe Petrus onder die leiding van die Heilige Gees ‘n nuwe mens geword het. Binne enkele weke het hy verander van 'n vertwyfelde visserman tot die selfversekerde verdediger van die evangelie voor die Joodse Raad. *“Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense”* (Hand 4:13). Jesus noem die Heilige Gees die “Gees van die waarheid”: *"Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig"* (Joh 15:26 NAV).

Net so kan ons nie vandag die lewe en sterwe van Christus begryp as die Heilige Gees nie die geheimenis daarvan aan ons bekend maak nie. *"Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het, want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging"* (1 Tes 1:4)
Ons het almal die Heilige Gees van God ontvang: *"Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie"* (1 Kor 6:19). Maar ons sien nie altyd dat die krag van die Heilige Gees in ons lewens tot uiting kom nie, want ons maak ons oë toe vir die waarheid!

Wil jy ook die krag van die Heilige Gees in jou eie lewe sien? Wend jou dan na die Woord van God - die Bybel. Deur hierdie Skrif het die Gees van die Waarheid mense na die waarheid gelei. Ons Here Jesus haal self die Skrif aan wanneer Hy van Homself getuig: *"... naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is."* (Lukas 24:44). Petrus sê ook : *"En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte"* (1 Petrus 1:19 NAV).

Oase Gemeente sing Koning van die konings. https://www.youtube.com/watch?v=HoqEB8tvkEY

Hierdie Koning het vir ons gesterf, is begrawe, het opgestaan, het opgevaar en vir ons Sy Heilige Gees gestuur as Voorspraak, sodat ons nie soos weeskinders agtergelaat word nie♫

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier